# ONREËLMATIGHEDE MET DIE SKRYF VAN EKSAMENS

1. **Indien 'n toesighouer tydens 'n eksamen 'n kandidaat betrap wat besig is met 'n oneerlike daad, soos genoem hieronder, moet die stappe soos genoem in punt 2, onmiddellik gedoen word.**

   - besit van onwettige notas,
   - die verspreiding daarvan,
   - afskrywery, en
   - die gebruik van onwettige elektroniese apparate.

2. **Stappe tydens onreëlmatigheid:**

## STAP 1:

Verwyder onmiddellik die kandidaat se eksamenboek (skrif).

## STAP 2:

Trek 'n streep onder die laaste punt van skrywe op die antwoordstel.

## STAP 3:

Skryf die presiese datum en tyd waarop die antwoordstel verwyder is duidelik op die voorblad daarvan.

## STAP 4:

Gee 'n nuwe eksamenboek aan die kandidaat en gee hom geleentheid om met die skryf van die vraestel voort te gaan. Dit is sy/haar keuse om voort te gaan van waar hy/sy opgehou skryf het en of hy/sy van voor af wil begin.

## STAP 5:

Voltooi 'n onreëlmatigheidsverslag en heg dit aan beide eksamenboeke.

3. **Stappe na die eksamensessie:**

## STAP 1:

Die hooftoesighouer lig die kandidaat in van verdere prosesse wat gevolg sal word in terme van die ondersoek na die beweerde onreëlmatigheid.

## STAP 2:

Die kandidaat kry geleentheid om 'n verklaring te skryf, in die teenwoordigheid van ander getuies, om sodoende te reageer op die beweerde onreëlmatigheid.

## STAP 3:

Die hooftoesighouer skryf 'n volledige verslag oor die beweerde onreëlmatigheid.

## STAP 4:

Die verslag word in die kluis bewaar en ‘n kopie daarvan na die Dept. van Onderwys gestuur.

## STAP 5:

Insident word aangeteken in die daaglikse Onreëlmatigheidsregister.

## SELFONE EN ANDER ELEKTRONIESE APPARAAT:

**Indien ‘n kandidaat met ‘n selfoon of enige ander onwettige elektroniese apparaat in sy besit betrap word, neem die volgende stappe:**

### STAP 1:

Konfiskeer onmiddellik die apparaat, sonder dat die kandidaat enigsens tyd gegun word om enige inkrimminerende materiaal te verwyder (delete).

### STAP 2:

Die apparraat word gerekordeer as deel van die onreëlmatigheidsmateriaal.

### STAP 3:

Oorhandig die apparaat oor aan die Provinsiale Onreëlmatigheid se werkgroep.

**oooOOOOooo**